ATTACQ
DEVELOP | INVEST | GROW

MEDIAVERKLARING

DATUM: 11 MAART 2016 OM 09:00
ONDERWERP: *Attacq the Future*-program sorg vir toekomsopgewondenheid by plaaslike leerders
EMBARGO: Geen – gebruik gerus

DIE *ATTACQ THE FUTURE*-PROGRAM STEL POTCHEFSTROOMSE LEERDERS BLOOT AAN GROOTSKAALSE EIENDOMSONTWIKKELING, TOPVLAK SAKELUI EN NUWE TOEKOMSPERSPEKTIEWE

WATERFALL, GAUTENG (SUID-AFRIKA) – Phetogo Sebonego van Potchefstroom High School for Boys en Herman de Jong van Potchefstroom Gimnasium is deur Attacq Beperk, in samewerking met MooiRivier Mall, die geleentheid gebied om as deel van hul *Attacq the Future*-program dié JSE-genoteerde maatskappy in Gauteng te besoek.

“Dit was insiggewend om die wisselwerking tussen tegnologie en gebou-ontwerp te aanskou. Ek is uit die veld geslaan deur Suid-Afrika se topklas-ingenieurs en het nooit verwag dat ons ingenieurswese op so ‘n ongelooflike vlak sou wees nie,” meen Phetogo Sebonego van Potchefstroom High School for Boys.

“Die besoek aan Waterfall was vir my ‘n ongelooflike ervaring. Ek het nog nooit so iets beleef nie en het nooit gedink dat so ‘n groot infrastruktuur in Suid-Afrika ontwikkel kan word nie. Ek dink dit is fantastiese beplanning wat hier gedoen is” sê Herman de Jong van Potchefstroom Gimnasium ná sy besoek aan Attacq se Waterfall City (‘n nuwe stadbestemming vir korporatiewe hoofkantore tussen Johannesburg en Midrand) en die firma se nuwe supergroot streekswinkelsentrum Mall of Africa (wat op 28 April 2016 met meer as 300 winkels open).

Die *Attacq the Future*-program ondersteun onderwys en jeugontwikkeling in samewerking met die group se streekswinkelsentrums in Potchefstroom, George en Stellenbosch. Die inisiatief stel hul in staat om hul betrokkenheid as verantwoordelike korporatiewe burgers by Suid Afrikaanse jeug uit te brei. Die program gee ook aan die toppresteerders van skole wat naby hierdie Attacq winkelsentrums die kans om ‘n genoteerde maatskappy se finansiële resultate-voorlegging by te woon asook om te leer van top sakelui hoe die JSE werk.

Leerders kry die geleentheid om sinvolle interaksie met die Attacq-uitvoerende bestuur te hê en ontwikkel ‘n beter begrip van wat die verskillende rolle van ‘n genoteerde maatskappy se topbestuur behels. Hulle word touwysgemaak oor die geskiedenis van die JSE en hoe maatskappye, soos Attacq, daarin slaag om in ‘n dinamiese sake-omgewing te floreer.

Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat Attacq dié program aanbied. Die hoofbestuurder van die MooiRivier Mall nader jaarliks die hoofde van omliggende skole om die toppresteerders in ekonomiese en bedryfswetenskappe te nomineer. Die genomineerde kanditate skryf briewe wat hul deelname aan die projek motiveer. Die sentrum se hoofbestuurder kies dan twee leerders op grond van hul motiveringsbriewe om aan die program deel te neem. Hierdie

The above media statement and accompanying material for media use are issued by
Attacq Limited without embargo unless an embargo is indicated above

program is nie noodwendig op minderbevoorregte leerders gemik nie, aangesien daar oor die jare ‘n balans tussen leerders van alle sosio-ekonomiese omstandighede was.

Volgens Johan Weiss (MooiRivier Mall se operasionele bestuurder) is hierdie program beslis wat ons nodig het om die jeug van vandag te wys dat hulle enige iets kan bereik en dat dit nie saak maak van waar hulle af kom nie.

“Ek is baie dankbaar dat ek kon sien wat hierdie geleentheid vir die kinders beteken het. Hulle het só baie geleer en kan nou ingeligte besluite neem oor wat hulle vir hul toekoms wil hê,” verduidelik Weiss.

“Attacq het beslis die leerders oortuig dat hulle enige iets kan bereik as hulle daarna streef. Aan die begin het die leerders nog getwyfel oor wat hulle ná skool wil doen en aan die einde was hulle jong volwassenes met groot drome en planne vir die toekoms. Hulle was positief, gemotiveerd en lus om die toekoms sommer net daar en dan aan te pak,” benadruk Weiss.

Die omvangryke hoofkantoor-stad Waterfall City met die reuse Mall of Africa en die PwC wolkebrabber het die leerders opnuut geïnspireer om hul toekoms met opgewondenheid aan te pak, aangesien dit nuwe potensiële bedryfsberoepsgeleenthede aan die leerders blootgelê het.

Nog ‘n hoogtepunt van dié jaar se program was beslis die leerders se besoek aan die Group Five-hoofkantoor. Die omvang en buitengewone ingenieursvernuf van die gebou het die leerders uit die veld geslaan. Die gebou beskik oor talle groen-ontwerpelemente wat Attacq se toewyding aan volhoubare ontwikkeling ten toon stel.

Die leerders is ook oor aandete deur die diverse leierskorps van Attacq onthaal. Dit word doelbewus gedoen om leerders bewus te maak van die diverse span wat ‘n tipiese genoteerde eiendomsmaatskappy benodig om hoë-operasionele sakesukses te behaal en te handhaaf.

Die program bevestig Attacq se toewyding aan die drie steunpilare waarop die besigheid gevestig is naamlik, ontwikkeling, belegging en groei: Attacq **belê** in Suid-Afrika se toekomsleiers en vestig leerders se aandag op hul vaardigheids**ontwikkeling**-potensiaal wat hul toelaat om as individue en toekomsleiers te **groei**.

Danny Vermeulen (Attacq se bemagtigingspesialis), is al sedert die program se ontstaan in 2015, daarby betrokke. “Die *Attacq the Future*-program gee aan leerders, wat onder normale omstandighede nie noodwendig die geleentheid sal kry nie, ‘n kans om ‘n groot korporatiewe omgewing eerstehands te ervaar. Ek wil graag die Attacq-storie met vandag se jeug deel en dit is my wens dat ons die leiers van môre met die kennis wat hulle vir die toekoms sal benodig, sal toerus en hulle aan die verskeidenheid beroepsgeleenthede wat dié bedryf bied, sal blootstel,” het Vermeulen gesê.

FIN

REDAKTEURSNOTAS:

Hierdie verklaring is uitgereik deur Stone namens Attacq.

Kontak asseblief vir Willem S Eksteen van Stone of die Stone-span by attacqmedia@stoneconsult.net, willem@stoneconsult.net of 011 447 0168 vir meer media-inligting, foto's of onderhoudversoeke.

MEER INLIGTING OOR ATTACQ:

- Attacq is 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse kapitaalgroeifonds in die eiendomsektor.
- Attacq se strategiese eiendomsbesit en -ontwikkeling lewer deurgaans groei op sy beleggers se kapitaal
- Attacq het 'n uiteenlopende beleggingsportefeulje met 'n voortreflike risikoprofiel – sy internasionale ontwikkelingsvoetspoort versterk die Attacq-diversiteit buite sy Suid-Afrikaanse portefeulje
- Attacq fokus op volhoubare kapitaal-waardevermeerdering deur die ontwikkeling en eienaarskap van 'n gebalanseerde portefeulje van eiendomme met kontraktuele inkomstestrome
- Attacq strewe na langtermyn volhoubare kapitaalgroei deur die daadwerklike belegging in en bestuur van grond, eiendomsontwikkelingsregte en beleggingseiendom en om voordeel te trek uit langtermyn, strategiese sleutel-verhoudings en strategiese belyning

KERNFEITE OOR DIE MOOIRIVIER MALL

- Die MooiRivier Mall is die dominante winkelsentrum in die area en bied aan besoekers 'n familie-vriendelike omgewing, met winkels en vermaak
- Die winkelsentrum het reeds twee toekennings ontvang, naamlik die SACSC National Retail Design and Development-toekenning vir Super/Plaaslike Winkelpromenades en Winkelsentrums, asook die Spectrum-toekenning, wat kleinhandelvoortreflikheid oor alle dissiplines en sektore in Suid-Afrika vier
- Die winkelsentrum beslaan 'n totale grondoppervlak van 53 051 m^2.
- Die winkelsentrum het 99 huurders
- Checkers, Woolworths, Edgars, Dischem en Game is anker-huurders van die winkelsentrum